

20 Julie

**Skrifgedeelte: Matteus 6:9c (lees ook Op. 4) (1933/53-vertaling)
Fokusgedeelte: Matteus 6:9c; Openbaring 4:8; Heidelbergse Kategismus Sondag 47**

Die eerste bede: *Laat u Naam geheilig word*

In die Onse Vader-gebed is daar ses bedes. In die eerste drie bid ons om:

- God se Naam,
- God se Koninkryk,
- God se wil.

In die volgende drie kom ons in gebed voor God met ons nood, naamlik:

- Ons brood,
- ons skuld,
- ons versoekinge.

In Openbaring 4 word voor God se troon uitgeroep: Heilig, heilig, heilig is die Here God. En daardie heiligheid moet ons ook in ons gebed en in ons lewens na vore bring. Wanneer ons dan hierdie eerste bede bid, dan is dit asof ons sê: *“Here, die mens weet nie meer hoe groot U is nie, hoe heilig, groot en goed nie. Hulle het U vergeet – hulle het U verloor. u plek word U ontsê, u Naam word misbruik”*. Ons wil sy Naam as heilig aanroep, in ’n wêreld vol onheilige dinge, mense en omstandighede. Ons wil dat sy Naam weer deur ons geken, geëer en gevrees sal word.

Hierdie eerste bede vou dan ook die ander vyf bedes toe. As ons die eerste bede nie kan bid nie, kan ons die ander bedes ook maar nalaat. As die heiligheid van God nie meer vir ons voorop staan nie, dan beteken die ander bedes niks. Ons bid nie om ons naam nie, nie om ons eer nie, nie om ons belang nie, maar om sy Naam en sy eer ontwil.

As ons die eerste bede bid, is dit dus ons gebed dat ons God reg mag ken en reg mag eer. As ons Hom nie ken nie, gaan ons sy heiligheid en die eer van sy Naam nie verstaan nie.

In die eerste bede bring ons dus ons hele geloofslewe voor God en sy heiligheid. Ons bid dat ons dade en woorde gekeur, getel en geweeg sal word. Ons moet onthou God se naam is volkome heilig – ons gebede kan nie sy Naam heiliger laat word nie, nee, ons vra dat ons van ons eie onheiligheid en skynheiligheid verlos moet word en in die plek daarvan sy Naam sal heilig. Wat ’n vreugde dat ons vandag kan bid: Laat u Naam, *deur ons*, geheilig word.

Sing: Psalm 145:1, 12 (1936)

Ds. JG (Hannes) Noëth (Kimberley)